

DIE AFLEGGING VAN GELOOFSBELYDENIS DEUR VERSTANDELIK-GESTREMDE KINDERS

Agenda van die Algemene Sinode
van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986, bladsy 179-180

2.3.10 Die Aflegging van Geloofsbelydenis deur verstandelik-gestremde kinders

2.3.10.1 Op grond van 'n memorandum van ds JS Marais, hoof van die Yonder Sentrum vir Geestelike Vertraagde Volwasseenes, word die volgende beskrywing van hierdie kinders gegee:

Hulle is nie “hemelkinders”, “engeltjies”, “heilige onskuldiges”, “minder as menslik”, “mal”, of enige van die ander benaminge wat hulle so dikwels toegevoeg word nie. Hulle is eintlik presies net soos elke sogenaamde “normale” mens in die sin dat hulle presies dieselfde basiese behoeftes het. Hulle het ook behoefte aan kos, sekuriteit en liefde. Hulle het ook 'n begeerte om hulleself te laat geld en om sukses te behaal. Soos by elke “normale” mens is daar by hulle ook 'n neiging tot sonde.

Hulle is dus mense in die volle sin van die woord.

Soos in die geval van baie ander mense, het hulle egter ook 'n spesifieke probleem, naamlik verstandelike gestremdheid. Hierdie probleem moet in ag geneem word by die beplanning van 'n kerkdien.

Daar moet gebruik gemaak word van eenvoudige, verstaanbare taal, aangesien hulle 'n beperkte woordeskat het. Kernwaarhede moet duidelik gestel en dikwels herhaal word. Beelde wat gebruik word, moet uit hulle ervaringswêreld kom.

Die kinders het 'n fyn aanvoeling vir gesindheid en as 'n prediker 'n opregte gevoel van liefde vir hulle het, sal by vir hulle geloofwaardig wees.

2.3.10.2 Moet die verstandelik gestremde kind tot belydenisaflegging van sy geloof gelei word?

Oor hierdie vraag is daar uiteenlopende gedagtes. Daar is in die jongste tyd heelwat geskryf hieroor. Die feit is dat die kerk hierdie mense in sy midde “ontdek” het as 'n subjek van bearbeiding.

As gevolg van hulle beperkte verstandelike vermoëns is daar by sommige twyfel of hulle wel die verantwoordelikheid van lidmaatskap kan aanvaar.

Aan die ander kant is dit ook waar dat hulle met 'n onbevange gemoed, soos 'n kind, die evangelieboodskap aanvaar en baie vreugde put uit die sekuriteit wat die geloof in die Here Jesus Christus aan hulle bied.

In die Skrif kom ons telkemale voorbeelde tee waar die klem juis op die swakkes en op die geringes gelê word, vgl. Matt. 25:40. In hierdie Skrifwoord vereenselwig die Here Jesus Homself geheel-en-al met die behoeftes van die swakkeres:

“En die Koning sal hulle antwoord: Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van my gedoen het, het julle dit aan My gedoen.”

Hierdie besondere groep kan gesien word as verteenwoordigers van Jesus Christus. Aan hulle is besondere “gawes” verleen en dit kan in die gemeente gebruik word. (Hulle kinderlikheid, opregtheid en eenvoud.)

Paulus verwys na 'n ander aspek as hy in 1 Kor. 12:1-31 die gemeente vergelyk met 'n liggaam. Die lede wat swak voorkom vervul 'n baie belangrike funksie. Die lede wat ons as minder fatsoenlik beskou, klee ons met groter sorg. So word die onbetaamlike dele met groter betaamlikheid geklee (volgens vers 22).

Die verstandelik gestremdes het deur hulle funksie en gawe 'n sentrale plek in die gemeente van Jesus Christus wat primer as subjek van kerk-wees beskou moet word. Hulle aanwesigheid in die gemeente laat duidelik die lig val op die diepte en omvangrykheid van Gods liefde.

“Waar de gemeente de husteroumenoi (swakkeres) serieus neemt, daar verstommen dogmatiese rusies, daar smelt de liefdeloosheid weg, daar wordt de eigensoortige gemeenschap van de kerk zichtbaar, daar komt het Koninkrijk in het vizier.”

Hier uit is dit duidelik dat die geringes ook 'n plek het in die kerk van Jesus Christus.

2.3.10.3 Aanbevelings as riglyne

2.3.10.3.1 Kategese van verstandelik-gestremdes

Die hantering van die verstandelik gestremde kind verg besondere kundigheid. Die persoon wat die gestremde begelei sal dus die vertroue van die kind of jongmens moet wen en 'n goeie verhouding opbou. Langs die weg en met behulp van die nodige hulpmiddels sal die leerstof oorgedra moet word.

2.3.10.3.2 Die ondersoek

Wanneer die gestremde kind/jongmens gereedheid toon om deur die kerkraad ondersoek te word, sal dit met groot omsigtigheid gedoen moet word en sal die kategeet liefsvol teenwoordig moet wees. Dit is belangrik dat bekendes teenwoordig sal wees om die katkisant veilig te laat voel.

2.3.10.3.3 Die wyse van belydenisaflegging

Die liturgiese orde kan aansluit by die orde van 'n gewone oggenddiens. Dit is baie belangrik dat daar ryklik gebruik gemaak word van sang.

Verkieslik moet hierdie belydenisaflegging nie saamval met die van die “gewone” groep in die gemeente nie.

Dit is verkieslik dat van die samevatting van die wet gebruik gemaak word in plaas van die Tien Gebooië. Dit kan geïllustreer word deur die twee hande oop te maak sodat die 10 vingers die 10 gebooië verteenwoordig. Maak die hande toe dan is die wet saamgevat in twee – dit is die wet van die liefde.

Die geloofsbelydenis behoort hardop deur die gemeente gesê te word, sodat hierdie katkisante daaraan kan deelneem.

2.3.10.3.4 Wanneer die liturg die betrokke katkisante oproep moet hy liefsvol onder die kansel staan sodat hy naby die groepie kan wees. Die meer intieme atmosfeer sal hulle op hulle gemak stel.

2.3.10.3.5 Eenvoudige belydenis

Wanneer hierdie katkisante belydenis van hulle geloof aflê moet die liturg die katkisant voorgaan en hy moet hardop agterna sê: (Dit sal goed wees as die liturg die katkisant aanraak en bv. sê: “Piet, kom sê nou mooi agter my aan.” Die veronderstelling is dat die belydenis vooraf baie keer met die katkisant deurgegaan is.)

<p>“Ek glo dat die Bybel die Woord van God is. Ek glo dat God, die Vader, alles gemaak het. Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. Ek glo dat God my liefhet,</p>
--

**Ek glo dat die Here Jesus vir my sondes aan die kruis gesterf het.
Ek glo dat die Here Jesus opgestaan het uit die graf, opgevaar het na die hemel.
Ek glo dat hy eendag weer sal kom om my te kom haal.
Ek glo dat die Heilige Gees gekom het om in my te woon.
Ek het die Here Jesus Christus lief.”**

Hierna kan die gemeente die jong lidmate toesing en die liturg kan hulle met 'n handdruk gelukwens.

2.3.10.3.6 Aangesien baie min van hulle in staat is om te kan lees, meet oorweging geskenk word aan 'n ander aandenking soos by. 'n hangertjie in die vorm van 'n kruis vir die dogters en 'n dasspeld of 'n lapelknopie, ook in die vorm van 'n kruis, vir die seuns.